**Kriteria vir merietetoekennings en prysuitdeling 2026**

**ALGEMENE RIGLYNE WAARVOLGENS TOEKENNINGS GEMAAK WORD**

- ’n Leerder ontvang jaarliks net die hoogste toekenning per aktiwiteit.
- Wanneer ’n leerder die eerste keer meriete verwerf, ontvang hy/sy ’n silwer balkie vir die spesifieke aktiwiteit wat op die skoolbaadjie aangebring kan word.
- Wanneer meriete ’n tweede keer toegeken word, word ’n hertoekenning ontvang. Tydens die merietegeleentheid word slegs ’n diploma uitgedeel wat hertoekenning bevestig.
- Indien die leerder ’n derde agtereenvolgende keer meriete vir dieselfde aktiwiteit verwerf, kwalifiseer hy/sy vir erekleure. Die leerder ontvang dan ’n goue balkie wat die silwer balkie op die baadjie vervang, en kan ’n eredas aankoop sowel as ’n erekleurewapen wat op die baadjiesak aangebring word.
- Die merietebeleid word van tyd tot tyd hersien en aangepas.
- Toekennings vir individuele prestasies wat nie in die merietebeleid opgeneem is nie, sal deur die komitee oorweeg word met inagneming van die algemene riglyne.
- Die finale beslissing ten opsigte van toekennings berus by die organiseerders en die merietekomitee.
- Erkenning volgens die kriteria van hierdie beleid is slegs geldig vir prestasies wat in 2026 behaal word en is nie terugwerkend vir vorige jare nie. Leerders wat drie jaar agtereenvolgens meriete verwerf het kom dus in aanmerking vir erekleure mits 2026 die derde jaar is.

**MERIETEPLEGTIGHEDE**

**Deurlopend**

Kwalifiserende leerders in Graad 4 tot 7 ontvang hul merietetoekennings deurlopend tydens die skool se saalbyeenkomste. Leerders sal dan hul silwer balkie (meriete) of goue balkie (erekleure) ontvang. In die geval van erekleure sal die leerder ’n nota ontvang wat hom/haar toestemming gee om ’n eredas en erekleurewapen by die skool se klerewinkel te mag aankoop. Goue balkies vervang silwer balkies. ’n Leerder mag nie beide ’n goue en ’n silwer balkie vir dieselfde kategorie dra nie. Dus kan ’n leerder ’n maksimum van drie balkies gelyktydig dra.

**Jaarlikse prysuitdeling**

**1. Beheerliggaamtoekennings**

Beheerliggaamtoekennings word oorhandig vir algeheel eerste, tweede of derde plekke in geakkrediteerde nasionale of internasionale kompetisies, asook in nasionale kompetisies waar die leerder deur die skool ingeskryf is.

**2. Akademiese toekennings**

Top-20-graadprestasies en topdrievakprestasies word ook erken.

**3. Trofeë**

Die volgende trofeë word by die jaarlikse prysuitdeling uitgedeel:

- **Die Van der Walt-kultuurtrofee** word toegeken aan ’n leerder wat oor ’n breë spektrum van kultuurbedrywighede by die skool met deelname beïndruk het.

- **Die Wasserfall-musiektrofee** word toegeken aan die leerder wat die hoogste standaard in Musiek bereik het.
- **Die Volschenk-sporttrofee vir Dogters** word toegeken aan die dogter wat hoë toekennings in 'n verskeidenheid sportsoorte ontvang het.
- **Die Personeelsporttrofee vir Seuns** word toegeken aan die seun wat hoë toekennings in 'n verskeidenheid skoolsportsoorte ontvang het.
- **Die Beheerliggaamskild vir Klubsport** word toegeken aan die leerder wat die hoogste prestasie op klubsportgebied bereik het, of wat in klubverband in 'n verskeidenheid van sportsoorte presteer het.
- **Die Bestuurspantrofee vir Besonderse Prestasie** word toegeken aan 'n leerder wie se individuele prestasie van so 'n aard is dat dit vir Laerskool Gene Louw groot eer en roem besorg.
- **Die JS Lochner-skild vir Veelsydigheid** word toegeken aan 'n leerder in Graad 4 wat op 'n verskeidenheid terreine presteer het.
- **Die AC van der Westhuizen-skild vir Veelsydigheid** word toegeken aan 'n leerder in Graad 5 wat op 'n verskeidenheid terreine presteer het.
- **Die Albrecht-skild vir Veelsydigheid** word toegeken aan 'n leerder in Graad 6 wat op 'n verskeidenheid terreine presteer het.
- **Die Gene Louw-skild vir Veelsydigheid** word toegeken aan 'n leerder in Graad 7 wat op 'n verskeidenheid terreine presteer het.
- **Die Beheerliggaamtrofee vir Kultuur** word toegeken aan 'n leerder wat die hoogste kultuurprestasies buite die skool behaal het.

Die komitee mag moontlik bykomende trofeë voor die prysuitdelingsgeleentheid bekendstel om aan nog leerders erkenning te gee.

MNR. W.A.J. GOUWS
SKOOLHOOF

DATUM: 26 JANUARIE 2026

| | | |
|---|---|---|
| | Meriete | Silwer merietebalkie onder skoolwapen op baadjiesak |
| | Erekleure | Goue merietebalkie onder skoolwapen op baadjiesak, eredas en erekleurewapen wat op baadjiesak aangebring word |
| | | |
| | **Meriete** | **Erekleure** |
| | **SPORT** | |
| **Skoolsporte**<br>Rugby/Sewes-rugby<br>Hokkie<br>Krieket<br>Netbal<br>Tennis<br>Skaak<br>Bergfiets | Verteenwoordig die skool se eerste span in twee sportsoorte. 50% deelname of formele inhuldiging deur afrigters. | WP-span |
| **Atletiek/landloop** | Verteenwoordig die skool se eerste span in twee sportsoorte. 50% deelname of formele inhuldiging deur afrigters. | WP-Atletiekspan (deelname by Wes-Kaap-kampioenskappe) |
| **Buitesport, bv. karate, stoei, swem, gimnastiek** | WP-kleure | Eerste of tweede plek by amptelike SA-kampioenskappe kom in aanmerking; slegs ope afdelings en nie beginner/intermediêr nie; 'n minimum van vyf mededingers per kategorie. Bewyse van toekenning sowel as registrasie by 'n nasionale beheerliggaam moet voorgelê word. Finale goedkeuring bly by merietekomitee. |
| **Buitespansport, bv. yshokkie; binnenshuise netbal, krieket of hokkie** | WP-span | |
| **Ander buitesporte** | Leerders wat provinsiale kleure by 'n nasionale liggaam ontvang en aan die amptelike nasionale kampioenskappe deelneem, kom in aanmerking. Bewyse van toekenning, sowel as registrasie by 'n nasionale beheerliggaam moet voorgelê word. Finale goedkeuring bly by merietekomitee. | Eerste of tweede plek by SA-kampioenskappe kom in aanmerking. Bewyse van toekenning sowel as registrasie by 'n nasionale beheerliggaam moet voorgelê word. Finale goedkeuring bly by merietekomitee. |

| DANS (SPORT) | | |
|---|---|---|
| **Dans**<br>**Modern**<br>**Tap**<br>**Hip-hop**<br>**Akrobate** | Verteenwoodig provinsie by Talent Africa Nasionale Kompetisie en behaal silwer (lewendige optrede) of goud (aanlyn deelname) | Verteenwoordig Suid-Afrika by Stars of the Universe en behaal goud. |
| **AKADEMIESE BALLET** | | |
| Graad 6/7/8/ Intermediêre fondasie/ Intermediêr | 80-100% | |
| Intermediêr/ Gevorderde fondasie | 75-84% | 85-100% |
| Gevorderd I | 70-74% | 75-100% |
| **CECHETTI BALLET** | | |
| Graad 5 | 80%+ | |
| Intermediêre | 75%+ | |
| Intermediêr | 75-79% | 80-100% |
| Gevorderd I | | 75%+ |
| Gevorderd II | | 70%+ |
| **AIDT/ISTD MODERNE DANS** | | |
| Pre-elementêr (solo | 85-89% | |
| Elementêr (solo) | 80-84% | 85-100% |
| Intermediêr | 75-79% | 85-100% |
| Gevorderd (solo) | | 80-100% |
| **SADTA/SABOD HIP-HOP** | | |
| Vlak 4/10 | 85-89% | 90-100% |
| Vlak 5/11 | 85-89% | 90-100% |
| Vlak 6/12 | 85-89% | 90-100% |
| **AKADEMIE** | | |
| **Graad 4** | Bereik 'n gemiddeld van 86% of hoër vir kwartaal 1-3 | |
| **Graad 5** | Bereik 'n gemiddeld van 86% of hoër vir kwartaal 4 van Graad 4 + kwartaal 1-3 van Graad 5 | |
| **Graad 6** | Bereik 'n gemiddeld van 84% of hoër vir kwartaal 4 van Graad 5 + kwartaal 1-3 van Graad 6 | Behaal akademiese meriete in Graad 4, 5 en 6 |
| **Graad 7** | Bereik 'n gemiddeld van 82% of hoër vir kwartaal 4 van Graad 6 + kwartaal 1-3 van Graad 7 | Behaal akademiese meriete in Graad 5, 6 en 7 |
| Die goedkeuring van akademiese merietetoekennings vir leerders wat vir 'n kwartaal of langer nie Laerskool Gene Louw bygewoon het nie, berus by die diskresie van die merietekomitee. | | |

| AKADEMIE: KOMPETISIES EN OLIMPIADES | | |
|---|---|---|
| **Horizon/SA Maths Challenge** | Topvyf (nasionaal) | Nasionale wenner |
| **Ander akademiese kompetisies** | Algehele topvyfposisie van 'n nasionale kompetisie kom in aanmerking. Bewyse van toekenning sowel as registrasie by 'n nasionale beheerliggaam moet voorgelê word. Finale goedkeuring bly by merietekomitee. | Algehele wenner van 'n nasionale kompetisie kom in aanmerking. Bewyse van toekenning sowel as registrasie by 'n nasionale beheerliggaam moet voorgelê word. Finale goedkeuring bly by merietekomitee. |
| **KULTUUR** | | |
| **Musiek** | **Indien leerder voldoen aan beide die onderstaande vereistes:**<br>• Behaal 80% of hoër in enige instrumentale eksamen – Klavier, Kitaar, Blokfluit (Trinity, Unisa, LCM)<br>• Behaal 80% of hoër in 'n teorie-eksamen (Trinity, Unisa) | **Indien leerder ten minste 90% behaal vir enige twee van die volgende:**<br>• Instrumentale eksamen – Klavier, Klassieke Kitaar, Blokfluit ens. (Trinity, Unisa, LCM)<br>• Teorie-eksamen (Trinity, Unisa)<br>• Musiekteater-eksamen (Trinity, LCM) |
| **Koor** | • Senior koor: Tweede of derde posisie – ATKV Applous-koorkompetisie | • Senior koor: Algehele wenner – ATKV Applous-koorkompetisie |
| **Eisteddfods** | Individuele en groepdeelname: Bekerwenner.<br><br>LW: Erkenning word slegs gegee indien daar ten minste vyf deelnemers/groepe in die afdeling was. | • 'n Leerder wat in drie agtereenvolgende jare as bekerwenner aangewys word.<br>• Wenner van 'n nasionale kompetisie waar die leerder deur die skool ingeskryf is.<br><br>Let wel: Erkenning word slegs gegee indien daar ten minste 5 deelnemers/groepe in 'n afdeling was. |
| **Kunswedstryde** | 'n Leerder wat as wenner in 'n kategorie aangewys word (d.w.s. 'n beker of medalje wen).<br>LW: Slegs individuele deelname en prestasies | • 'n Leerder wat in drie agtereenvolgende jare as bekerwenner aangewys word.<br>• Wenner van 'n nasionale kompetisie waar die leerder |
| **Redenaars**<br>**Con Spirito**<br>**Oppie Tong Af**<br>**ATKV** | 'n Leerder wat 'n tweede of derde plek in 'n nasionale kompetisie behaal.<br>LW: Geen aanlyn deelname kom in aanmerking nie. Slegs deelname en prestasies aan erkende kompetisies word in ag geneem. | • 'n Leerder wat in drie agtereenvolgende jare as bekerwenner aangewys word.<br>• Wenner van 'n nasionale kompetisie waar die leerder deur die skool ingeskryf is. |
| **Toneel** | 'n Leerder wat lid is van 'n toneelgroep wat onder die eerste drie eindig in 'n streekskompetisie (minimum twee rondes). | 'n Leerder wat as 'n kategoriewenner by 'n erkende nasionale kompetisie aangewys word, bv. ATKV, Filmit.<br>'n Leerder wat as lid van 'n toneelgroep 'n eerste, tweede of derde plek behaal in die finale ronde van 'n erkende nasionale kompetisie, bv. ATKV.<br>'n Leerder wat onder die eerste drie eindig by 'n erkende nasionale kompetisie, bv. ATKV, DigiToneel. |
| **Voortrekkers** | Voorslag-toekenning | |
| **Scouts** | "Springbok Scout"-toekenning | |